

15 Mei

**Skrifgedeelte: Matteus 20:1-16**

**Fokusgedeelte: Matteus 20:1-16**

### **Die onbeskryflike liefde van God**

Hoe dankbaar is ons vir die genade wat ons in Jesus Christus ontvang het? Is ons so dankbaar soos 'n arbeider wat, al het hy net een uur gewerk, die volle dag se loon ontvang het. Matteus 20 vertel van die onbeskryflike liefde van God

Die Here vertel dat daar op die markplein manne rondgestaan het, gereed om te werk, maar niemand het hulle gehuur nie. In sy groot liefde gee die eienaar van die wingerd vir hulle werk. Wanneer hy hulle later daardie dag moet betaal, sien ons weer die eienaar van die wingerd se liefde raak, hierdie keer sy vrygewige liefde. Hy het geweet die dagloon was net genoeg. As hy enigeen van die werkers minder as dit betaal, sal hy nie in staat wees om daardie aand vir sy vrou en sy kinders kos te koop nie. Daarom gaan die eienaar by regverdigheid verby en gee vir almal, al het hulle nie dieselfde ure gewerk nie, dieselfde loon.

Hoe sou hierdie werkers reageer? Die eerste groep wat die hele dag gewerk het, is ontevrede omdat hulle wat langer ure gewerk het, dieselfde ontvang as dié wat slegs een uur gewerk het. Hulle moeite in sy diens maak hulle so ontevrede dat hulle nie sy genade raaksien nie. By dié wat later begin werk het, was verheug oor die geleentheid om te kan werk. Hulle was tevrede om die loon in die hande van die eienaar te laat.

So moet ook die Christen wees. Die Christen moet vir die vreugde om God te mag dien en in God se diens te mag wees, met volle oorgawe doen wat van hom gevra word. Nooit mag daar 'n gesindheid wees dat God verplig is om te beloon vir wat ons doen nie. Sy genade moet vir ons genoeg wees.

Sing: Psalm 84:1, 2

Dr. D Lartz (Edenvale)